| | | |
|---|---|---|
| **Graad 9** | **Afrikaans Huistaal** | **Junie 2023** |
| **Vraestel 1** | **Afdeling A** | **Hardoplees** |

**Uittreksel uit ’n kortverhaal:** “Kasteel van lug en sand”
*Petra Müller*

1 Oor die voorpunt van die stroming by die mond loop daar ’n lang houtbrug, gedra deur klipstutte wat deels op die sand staan en deels in die water.

2 Die eerste dag of wat hardloop die kinders gedurig heen en weer oor die houtbrug dat die planke tril soos ’n tamboer. Maar die dogtertjie is ’n alleenloper en ’n wegdwaler. Sy praat met niemand nie. Haar gedagtes werk oortyd.

3 Sy staan soggens vroeg op terwyl sy nog die smaak van die nag se slaap in haar mond het. Sy gaan dan af strand toe. Die ongereptheid lok haar. Voor sonsopkoms is dit bleek en stil op die strand. Alles is skoon. Sy loop dan op die spoor van die nag se hoogwatermerk om skulpies te soek en loop dan op haar eie spore terug. Dan, teen een van die klipstutte van die brug begin sy ’n kasteel bou. Sy maak elke jaar so ’n kasteel en elke jaar lyk dit anders. Dit groei onder haar hande. Bastions en stutmure ontstaan; kunstig uitgeholde poorte wat na binnepleine lei; kelders en ook verkrummelde torings. Nadat sy die kasteel gebou het, staan sy op, trek ’n beslissende lyn om die kasteel en gaan huis toe.

4 Die volgende oggend vroeg kom sy terug en versier haar kasteel met bessies, skulpies en bamboesknoppies. Sy voeg ’n enorme ronde toring met skietgate en loopgange om die kasteel by. Sy bou in haar gedagtes verder.

5 Die naweekbesoekers staan verwonderd voor die kasteel. Die kinders kom egter nie nader aan haar kasteelstad nie, aangesien hulle besef dat hulle nie oor die streep om die stad mag trap nie.

6 “Los haar kasteelstad uit. Gaan bou jul eie!” maan hul ouers hulle.

Uit: *Kortgolf,* J.P. van der Walt, 1993

**Hardoplees:** “Kasteel van lug en sand”

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Tempo, stemtoon en stembuiging: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid, uitspraak en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**Graad 9** **Afrikaans Huistaal** **Junie 2023**

**Vraestel 1** **Afdeling B** **Luister en praat**

**Artikel:** “Nie álles in Suid-Afrika is negatief nie”

*Herman Swanepoel*

1 Ons leef vandag in moeilike tye. Baie jong mense voel dat daar geen toekoms vir hulle in die land is nie. Baie dokters verlaat ons land en laat ’n groot leemte in die medici. Ouer mense leef in vrees, aangesien hulle onseker is of hulle spaargeld genoeg gaan wees.

2 Suid-Afrikaners raak negatief wanneer teenspoed hulle mag tref, wanneer skuldeisers aan hulle deur mag klop, of wanneer hulle nie weet hoe hulle die maand gaan deursien nie. Soms is dit egter goed om in die moeilikste omstandighede na die klein dingetjies rondom jou te kyk en daarin verligting en hoop op die toekoms te vind. Hiermee word nie bedoel dat jy die realiteit van die situasie moet ignoreer en maak of dit nie bestaan nie. Inteendeel, dit is belangrik om sinvolle besluite te neem om die probleme in jou lewe aan te spreek en op te los.

3 Daar is ’n uitdrukking wat lui: “Ek het gekla dat ek nie skoene het nie tot ek iemand sien wat nie voete het nie.” Hoeveel keer kla ons nie omdat ons nie in ’n groot huis in ’n goeie woonbuurt kan woon nie, maar ons vergeet van die boemelaar wat op die stasie onder koerantpapier moet slaap. Ons kla so maklik as die geiser in ons huis breek en die water deur die plafon syfer. Dan wil ek weet hoekom dit nou juis met mý gebeur het. Om te dink dat ek vir twee dae in koue water sal moet bad! Intussen vergeet ek van mense wat kilometers ver moet stap om hulself in rivierwater te gaan was. Hulle het nie ’n bad met ’n kraan wat net oopgedraai hoef te word om water in die bad te tap nie. Baie van ons is ontevrede omdat ons nie bevordering in ons beroep kry nie, terwyl ander nie eers ’n werk het nie. Ons verdien immers nog geld, sodat ons kos op die tafel kan sit. Mense wat nie werk het nie, moet baie aande honger gaan slaap.

4 Ons moet eerder deur die tralies van ons krisis kyk. Sien die mooi dinge in die lewe raak. Miskien die voëltjies wat jy in die bome hoor kwetter of die son wat jy teen jou vel voel. Dalk die glimlag van ’n vreemdeling. Bewonder die klein blommetjies met hulle helder kleure. Blommetjies wat met jou praat. Blommetjies wat jou laat besef dat die lewe ook mooi en kleurvol is.

5 Ons sal verbaas wees dat ons die negatiewe uitkyk op die lewe op so baie maniere met die positiewe uitkyk op die lewe kan verander!

**Artikel:** <u>“Nie álles in Suid-Afrika is negatief nie”</u>

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Wie is die <u>verslaggewer</u> van die bostaande artikel?** | /1 |
| **2** | **Verskaf slegs EEN rede waarom baie jong mense immigreer.** | /1 |
| **3** | **Luister na die *opskrif* en na paragrawe 4&5. Hoe hou die <u>opskrif</u> verband met die <u>inhoud</u> van paragrawe 4&5?** | /1 |
| **4** | **Luister na paragrawe 1&2. Waarom sou jy sê dat die <u>inhoud</u> van hierdie twee paragrawe met die *werklikheid* verband hou? Verskaf slegs TWEE redes.** | /2 |
| **5** | **Luister na paragraaf 3. Watter <u>morele les</u> leer ons uit hierdie paragraaf?** | /1 |
| **6** | **Noem op slegs EEN manier hoe ons die *negatiewe* met die *positiewe* kan vervang soos hierbo aangedui.** | /1 |
| **7** | **Reken jy hierdie luisterteks is <u>geloofwaardig</u>? Verskaf die rede vir jou antwoord.** | /1 |
| **8** | **Wat is die <u>kerngedagte</u> (<u>hoofgedagte</u>) van hierdie luisterteks?** | /1 |
| **9** | **Waarom sou jy sê dat die *verslaggewer* van hierdie <u>artikel</u> wel *neutraal* is?** | /1 |
| | **Totaal: 10** | **/10** |

**Praat:** <u>Soos verdwaaldes in die woestyn van wanhoop</u>

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Onderwerpgebonde, inhoud en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Vloeiend praat, taalgebruik en beeldspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid, stemtoon en stembuiging: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Gesigsuitdrukkings en oogkontak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**GROOT TOTAAL: 30÷2=15** **/15**

**Graad 9** | **Afrikaans Huistaal** | **Junie 2023**

**Vraestel 2** | **Afdeling A** | **Leesbegrip**

**1** **Testament:** Testament van Johannes Jacobus Potgieter

Ek, die ondergetekende,
**Johannes Jacobus Potgieter**
**Identiteitsnommer: 8805185123083**
Tans woonagtig te **Plot 94, Andeon, Pretoria**

1 Herroep hiermee alle vorige testamente, kodisille en enige ander testamentêre bemakings voorheen deur my gemaak, en verklaar die volgende as my laaste testament.

**2 Bemakings**
Ek benoem **Me Annabel Jacoba Swanepoel** as die enigste erfgenaam van my boedel, roerende sowel as onroerende bates, niks uitgesluit nie.

**3 Beskermings**
Dit is ’n spesifieke bemaking van hierdie testament dat enige erfenis wat enige begunstigde toekom, sowel as enige inkomste wat daaruit mag voortspruit, sal uitgesluit wees van die regsgevolge van ’n bestaande of toekomstige huwelik binne of buite gemeenskap van goedere.

4 Onderteken te **Pretoria** op die **10de** dag van **Oktober 2023** in die teenwoordigheid van die ondergetekende getuies, almal terselfdertyd teenwoordig.

**1.1 Wie sal die enigste erfgenaam van Johannes Jacobus Potgieter wees?** (1)
**1.2 Wat verstaan jy onder: “Herroep hiermee alle vorige testamente, kodisille en enige ander testamentêre bemakings”?** (1)
**1.3 Gee ’n voorbeeld van enige “onroerende bates”.** (1)
**1.4 Word hier enige melding van geld gemaak? Verskaf die rede vir jou antwoord.** (1)
**1.5 Van watter oomblik af is hierdie testament geldig?** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**2** **Koerantartikel:** "Landbou-ekspo gehou in hartjie van Magaliesberge"

*Mizanne Hattingh* *Maroela Media, 25 April 2023*

1 Landbou-liefhebbers en -entoesiaste kan hul vere regskud vir ’n plaasopskop en landbouskou wat eersdaags in die hartjie van Magaliesberge gaan plaasvind.

2 Die Magaliesberg Outdoor Ekspo vind van 26 tot 28 Mei by die Zilkaats-landgoed net buite Brits plaas en beloof om ’n verruklike ervaring vir die hele gesin te wees.

3 Dié skou vind plaas om geld in te samel om die Vissershoekdam te herstel. Dié dam het in 2000 drooggeloop nadat ’n damwal meegegee het. Sedertdien blyk watertoevoer vir boere in die omliggende omgewing ’n reuse-uitdaging te wees.

4 Die Magaliesberg Outdoor Ekspo sal ’n legio gesin- en landbou-aktiwiteite bied om ’n onvergeetlike kuierervaring te skep.

5 Flukse hengelaars gaan by een van die Zilkaats-landgoed se damme die geleentheid kry om te wys wat in hul steek, terwyl besoekers deur stalletjies kan wandel, heerlik aan allerhande lekkernye kan smul en terselfdertyd kan luister na plaaslike musikante wat deur die dag gaan optree.

6 Vir diegene wat gereeld op soek is na dinge wat die adrenalien laat pomp, is daar aktiwiteite soos helikopterritte, valskermspronge en hindernisbane om die koring van die kaf te skei. Dié hindernisbane is in verskeie kategorieë verdeel, om sodoende die fiksheidsentoesiaste én diegene wat eintlik net op soek is na ’n klein bietjie pret te akkommodeer.

7 Daar sal ’n antieke motorskou op die perseel plaasvind, terwyl die aande met lekker musiek en ’n heerlike boere-opskop gevul gaan word.

**2.1 Wie is die verslaggewer van die bostaande koerantberig?** (1)
**2.2 Watter gevolge hou dit vir die omliggende boere in, aangesien die dam drooggeloop het.** (1)
**2.3 Noem slegs EEN aktiwiteit waaraan die deelnemers kon deelneem.** (1)
**2.4 Hoe hou die *inhoud* van die koerantberig verband met die opskrif?** (1)
**2.5 Waarom sou jy sê dat die bostaande koerantberig nuuswaardig is?** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**GROOT TOTAAL: 10** **/10**

**Graad 9** | **Afrikaans Huistaal** | **Junie 2023**

**Vraestel 2** | **Afdeling B** | **Taal**

**Inligtingteks:** “Die Brug van Sugte”

1 Die Brug van Sugte is ’n bekende besienswaardigheid in Venesië. Wat hierdie brug iets besonders maak, is dat die brug aan al die kante toegebou is. Dis werklik ’n merkwaardige brug. Dis van wit kalksteen gebou. Dis hoog bo-oor die Rio di Palazzo gebou en verbind die Nuwe Tronk met die ondervragingskamer in die Doge-paleis. Hierdie kultuurskat is deur Antoni Contino ontwerp. Dit is in 1602 voltooi. Lord Byron het na hierdie brug verwys as die “Brug van Sugte”. Die rede hiervoor is dat die gevangenes net nadat hulle skuldig bevind is, met hierdie brug langs na die tronk aan die anderkant toe moes loop. Die laaste blik wat hulle op die vrye wêreld gehad het, was deur die vensters van die brug. Lord Byron was van mening dat die gevangenes sou sug tydens hulle laaste blik op die verruklike skoonheid van Venesië.

2 Baie mense sê dat hulle graag hierdie brug wil besoek. Toeriste word deur ’n toergids, met ’n hoed op sy kop, deur die paleis begelei.

**1** **Gee die meervoud vir die onderstreepte woord in reël 1.** (1)
**2** **Vorm ’n afgeleide werkwoord van die onderstreepte woord in reël 2.** (1)
**3** **Skryf die onderstreepte sin in reël 3 oor as ’n algemene vraagsin.** (1)
**4** **Skryf die onderstreepte sin in reël 4 oor in die verlede tyd.** (1)
**5** **Skryf die samestellende afleiding in reël 5 neer.** (1)
**6** **Skryf die onderstreepte sin in reëls 5&6 oor in die bedrywende vorm.** (1)
**7** **Skryf die aanwysende voornaamwoord in reël 7 neer.** (1)
**8** **Vorm ’n afgeleide persoonsnaam van die onderstreepte woord in reël 7.** (1)
**9** **Skryf die gesegde in reël 8 neer.** (1)
**10** **Skryf die bywoordelike sinsnede van plek in reël 10 neer.** (1)
**11** **Skryf die onderwerp in reël 11 neer.** (1)
**12** **Skryf die abstrakte selfstandige naamwoord in reël 12 neer.** (1)
**13** **Skryf reël 13 oor in die ontkennende vorm.** (1)
**14** **Skryf reël 13 oor in die direkte rede.** (1)
**15** **Skryf die sin in reëls 14&15 oor, maar vervang die onderstreepte *byvoeglike sinsnede* met ’n byvoeglike bysin.** (1)

**Totaal: 15** **/15**

| | | |
|---|---|---|
| **<u>Graad 9</u>** | **<u>Afrikaans Huistaal</u>** | **<u>Junie 2023</u>** |
| **<u>Vraestel 2</u>** | **<u>Afdeling C</u>** | **<u>Opsomming</u>** |

**Som "<u>Sewe wenke om beter te slaap</u>" in paragraafvorm op in nie meer as 85 woorde nie. Dui die *aantal woorde* aan wat jy gebruik het.**

Die gemiddelde mens slaap vir meer as een derde van sy of haar lewe. Hoe besiger ons raak, hoe minder slaap ons. As jy te min slaap, kan dit jou denkvermoë negatief beïnvloed. As jy oor ’n lang tydperk te min slaap, kan dit uiteindelik tot vetsug, suikersiekte en ’n kroniese slegte humeur lei.

**Hier is ’n paar wenke om goed te slaap:**

1 Volg ’n reëlmatige slaappatroon. Sorg vir roetine. Kies ’n vaste tyd om bed toe te gaan en om op te staan – selfs tydens naweke. Jou liggaam sal gou weet wanneer om ná ’n stresvolle dag te ontspan. Slaap ten minste sewe uur lank.

2 Dit help as jy jou daaglikse sorge in ’n dagboek neerskryf voordat jy gaan slaap. As jy oor spanningsvolle en stresvolle dinge skryf, raak jy ontslae van goed wat jou sal laat wakker lê.

3 Let op wat jy eet voordat jy gaan slaap. Jy moet ten minste 3 uur voordat jy gaan slaap, klaar geëet wees. Jou spysvertering raak stadiger as jy slaap. ’n Vol maag kan jou wakker hou. Probeer so min moontlik drink in die laaste uur voordat jy gaan slaap. Sommige mense slaap beter as hulle iets warms drink in die laaste uur voordat hulle gaan slaap.

4 Gereelde deelname aan sport sal jou help om te ontspan omdat dit angs verminder. Nadat ons geoefen het, slaap ons beter en dieper. Dit is goed om gedurende die dag te oefen. Hoe langer die tydsduur is tussen jou sportaktiwiteit en voordat jy gaan slaap, hoe beter.

5 Jy sal beter slaap ná ’n warm stort of bad. Dit is raadsaam om in die bad met warm water te ontspan. Die geheim lê in die verandering van temperatuur. As die kamer koeler is as wat jy is ná die warm stort of bad, sal jy beter slaap.

6 Maak seker dat jy die daglig ten volle gebruik. Dit reguleer jou biologiese klok. Sonlig sorg dat jy nie tydens die dag vaak raak nie en saans beter kan slaap.

7 Meditasie en spierontspanning laat jou van al jou probleme vergeet en sorg dat jou asemhaling dieper en langer word sodat jy beter slaap.

**Totaal: 10÷2=5** **/5**

| **<u>Graad 9</u>** | **<u>Afrikaans Huistaal</u>** | **<u>Junie 2023</u>** |
|---|---|---|
| **<u>Vraestel 3</u>** | **<u>Skryf</u>** | |

**Skryf ’n <u>verhalende opstel</u> van 250–300 woorde oor: *Woorde-moord wat letsels gelaat het*.**

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Onderwerpgebonde, inhoud en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Oorsaak, gevolge, gebeure en chronologie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Skryfstyl, stemming, tydsvorm en beeldspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf ’n <u>beskrywende opstel</u> van 250–300 woorde oor: *Die hartseer en blydskap in die wêreld.***

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beskrywende woorde, skryfstyl en tydsvorm: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beeldspraak, idiome en stemming: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**EN**

**Skryf ’n <u>verslag</u> van 160–180 woorde oor: *Die belangrikheid van oefening*.**

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Temagebonde en oorredende taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Doel, navorsing, bevinding en gevolgtrekking: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Jy ontvang finansiële hulp van ’n familielid om verder te studeer. Rig ’n <u>brief</u> van 160–180 woorde aan hom/haar om hom/haar te *bedank* en vertel hom/haar meer van jou studies, uitslae en sosiale lewe op die kampus.**

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Formaat, inhoud en informele skryfstyl: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Bedanking, terugvoering en ervarings: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 30** **/30**

**Graad 9** | **Afrikaans Huistaal** | **Junie 2023**

**Vraestel 4** | **Literêre tekste**

**1 Uittreksel uit ’n roman:** ***Die tweede verslag van ’n buitengewone ontmoeting***

1 Karel en Maria het só uitgesien om saam met hulle pa op die see te gaan visvang. Maar toe gebeur dit. Die mis het hulle soos ’n nat kombers toegevou. Waar daar netnou nog die flitsende lig van die vuurtoring en die wit huisies was, is daar nou niks. Net ’n digte mis. En toe hoor hulle almal die mishoring blaas.

2 Maria kan, waar sy op die agterste bank sit, skaars die neus van die boot sien. Hannes, die stuurman, is net ’n grys skaduwee.

3 “Ek het die mis nog nooit só dik gesien nie,” sê Hannes. Maria wens sy kon sy gesig sien. Hy sit met sy rug na haar kant toe. “Ek kan skaars die water van die boot af sien,” sê hy.

4 Maria besef dat die ander op die boot nét so bang soos sy is. ’n Leë enemmel-koffiebeker rol heen en weer op die vloer van die boot. Niemand tel dit op nie. Almal is bang en wens dat hulle net weer die grond onder hulle voete kan voel. Die enjin werk oortyd om die onstuimige branders te trotseer. Tot almal se verligting sê Hannes dat hy iets hoor wat soos branders klink wat breek. Woorde wat vir almal laat moed skep. Woorde wat voel of dit die mis laat verdwyn. Maria het nooit geweet dat woorde só welkom kan wees nie. Dit voel vir haar of hulle gevangenes van die mis en óók van vrees is.

5 Verbeel sy haar of is die mis minder dig? Nee, sy is reg. Die volgende oomblik sien sy die flitsende lig van die vuurtoring. Dit voel vir haar of sy uit die tronk van mis en vrees ontsnap het. Só verlig het sy nog nooit gevoel nie! Sy kon al sien hoe die see hulle insluk.

**1.1 Lees paragraaf 1. Hoe weet ons dat die mis baie dig was?** (2)
**1.2 Wat is die oorsaak van almal se vrees?** (1)
**1.3 Wat beteken die vergelyking: “Die mis het hulle soos ’n nat kombers toegevou”?** (1)
**1.4 Was die see *kalm* of *onstuimig*? Verskaf die rede vir jou antwoord.** (1)
**1.5 Hoe verskil die *emosies* wat Maria in paragraaf 4 ervaar met dié wat sy in paragraaf 5 ervaar.** (2)

**Totaal: 7** **/7**

**2 Uittreksel uit ’n drama:** *Ou Grootoor*

**Toneel 1**

*Terwyl die kinders in die klaskamer sit, hou Robert sy hande oor sy ore.*

**Meneer Kruger:** Verstaan julle nou hoe ’n rekenaar werk en dat ’n rekenaar baie inligting kan stoor? Robert, het jy gehoor wat ek gesê het?

**Robert:** J…ja, meneer, ek het gehoor.

**Meneer Kruger:** Ek weet darem nie so mooi nie. Hoe is dit moontlik dat jy my kan hoor as jy altyd jou hande oor jou ore hou?

**Rupert:** Hy hou sy ore toe, aangesien hulle so groot is, meneer.

*Al die kinders begin lag en kyk in die rigting van Robert.*

**Stefan:** *(lag)* Jou ore gaan nog eendag op die grond sleep, ou Grootoor!

**Toneel 2**

*’n Maand later staan Robert, Rupert en Stefan in die middel van die straat en gesels.*

**Stefan:** Ek hoor jy doen allerhande werkies om geld te verdien.

**Robert:** Dis waar. Ek dink ’n mens moet jou sakgeld verdien.

**Rupert:** *(nuuskierig)* Wat gaan jy vir jou met die geld koop?

*Die volgende oomblik hoor Robert die oorverdowende geluid van ’n vragmotor. Hy waarsku die ander twee seuns en hulle gaan staan op die sypaadjie.*

**Stefan:** As jy ons nie gewaarsku het nie, kon ons dood gewees het.

**Rupert:** (*skertsend)* Ook maar goed jy het sulke groot ore.

**2.1 Watter onaanvaarbare <u>karaktereienskap</u> vind ons by Rupert en Stefan in toneel 1?** (1)

**2.2 Waar speel die <u>tweede toneel</u> af?** (2)

**2.3 Hoe weet jy dat Robert selfstandig, hardwerkend en verantwoordelik is?** (1)

**2.4 Skryf die <u>toneelaanwysing</u> neer wat vir ons sê dat Rupert graag wou weet wat Robert met sy geld gaan maak.** (1)

**Totaal : 5** **/5**

**3** **Gedig:** “<u>Edms. Bpk.</u>”

1 ‘‘Ek het ’n stukkie grond gekoop
met melkhout op; dit afgekamp
en teen die hek ’n naam geverf
sodat verbygangers besef:
Dis Dirk se erf.

2 Janfiskaal sit op my melkhoutboom,
sit op ’n kruin, sit op ’n rots,
en proklameer in sy lied
soggens en saans luidkeels:
“Dis my gebied.”

3 Bakkapel glip uit my melkhoutbos,
verby die kruin, verby die rots,
en teken op sandkolle waar hy kom
oral in ouderwetse skrif:
“Alles… alles my eiendom.”

*D.J. Opperman*

*Vers en Vlam* *Human en Rousseau, 2015*

**3.1** **<u>Wie</u> is die wettige eienaar van die erf?** (1)

**3.2** **Noem slegs TWEE maniere waarop die spreker sy <u>eienaarskap</u> van die erf <u>bevestig</u>.** (2)

**3.3** **Watter <u>effek</u> verkry ons deur die woord “verby” in versreël 12 te *herhaal*.** (1)

**3.4** **Skryf die versreël in strofe 3 neer wat daarop dui dat die bakkapel krullerige merke op die grond laat waar hy seil.** (1)

**3.5** **Skryf die twee versreëls in strofe 3 neer waar ons <u>personifikasie</u> aantref. Verskaf die *rede* waarom jy sou sê dat ons hier *personifikasie* aantref.** (1)

**3.6** **Skryf die versreël in strofe 3 neer wat daarop dui dat die slang reken dat hý die eienaar van hierdie stuk grond is.** (1)

**3.7** **In watter <u>digbundel</u> is hierdie gedig opgeneem?** (1)

**Totaal: 8** **/8**

**GROOT TOTAAL: 20÷4=5** **/5**

**<u>Memorandum</u>** **<u>Junie 2023</u>**

<u>**Luister en praat:** “Nie álles in Suid-Afrika is negatief nie”</u>

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Herman Swanepoel is die ***verslaggewer***. | (1) |
| 2 | Hulle wil verseker wees van ’n werk. / Aangesien jy meer oorsee verdien.<br>**(enige ander *realistiese* antwoord)** | (1) |
| 3 | Nie álles in Suid-Afrika is negatief nie. Daar is ook die mooi dinge om ons. | (1) |
| 4 | Enige TWEE <u>aanvaarbare</u> antwoorde wat met die ***realiteit*** verband hou soos hierbo aangetoon. | (2) |
| 5 | Ons moet dankbaar wees vir dít wat ons het. / Ons moenie ondankbaar wees nie. | (1) |
| 6 | Waardeer die prag van die natuur.<br>**(enige aanvaarbare antwoord soos verkry uit paragraaf 4)** | (1) |
| 7 | Ja. Enige *realistiese* antwoord wat met die inhoud van die bostaande luisterteks verband hou. | (1) |
| 8 | Dat daar wel baie negatiewe dinge in Suid-Afrika is, maar ook baie positiewe dinge. /<br>Ons kan die negatiewe uitkyk op die lewe in Suid-Afrika met die positiewe uitkyk vervang. /<br>Ons moenie net die negatiewe raaksien en daarop fokus nie, maar eerder die mooi, klein dingetjies waardeer.<br>**(slegs EEN is aanvaarbaar)** | (1) |
| 9 | Hy het nie sy eie mening gelug nie, maar hom tot die feite bepaal. | (1) |

**Memorandum** | **Junie 2023**

**Lees en kyk**

**1 Testament:** Testament van Johannes Jacobus Potgieter

1.1 Me Annabel Jacoba Swanepoel sal die enigste erfgenaam wees. (1)
1.2 Alle vorige testamente, kodisille en enige ander testamentêre bemakings word as ongeldig verklaar. (1)
1.3 'n Huis / 'n Plaas / 'n Plot **(enige ander aanvaarbare onroerende bates)** (1)
1.4 Ja. Hier word melding gemaak van: Enige erfenis waaruit 'n inkomste mag voortspruit. (1)
1.5 Dit is geldig vanaf 10 Oktober 2023. (1)

**2 Koerantberig:** "Landbou-ekspo gehou in hartjie van Magaliesberge"

2.1 Mizanne Hattingh is die verslaggewer. (1)
2.2 Die watertoevoer is 'n reuse-uitdaging. /
Die boere het 'n tekort aan water, aangesien hulle altyd water van hierdie dam gekry het. **(slegs EEN)** (1)
2.3 Helikopterritte / valskermspronge / hindernisbane **(slegs EEN)** (1)
2.4 Daar word aangedui wat hierdie landbou-ekspo alles behels. (1)
2.5 'n Gebeurtenis wat op feite gebaseer is, sal plaasvind. (1)

**Memorandum** **Junie 2023**

**Taal**

**Inligtingteks:** "Die Brug van Sugte"

1 **Meervoud**
Besienswaardigheid - besienswaardighede

2 **Afgeleide werkwoord**
Maak - bemaak / vermaak

3 **Vraagsin**
Is dit werklik ’n merkwaardige brug?

4 **Verlede tyd**
Dit was hoog oor die Rio di Palazzo gebou.

5 **Samestellende afleiding**
Dit verbind die Nuwe Tronk met die ondervragingskamer in die Doge-paleis.

6 **Die bedrywende vorm**
Antoni Contino het hierdie kultuurskat ontwerp.

7 **Aanwysende voornaamwoord**
Lord Byron het na hierdie brug verwys as die "Brug van Sugte".

8 **Afgeleide persoonsnaam**
Rede - redenaar

9 **Gesegde**
Nadat hulle skuldig bevind is.

10 **Bywoordelike sinsnede van plek**
Die laaste blik wat hulle op die vrye wêreld gehad het, was deur die vensters van die brug.

11 **Onderwerp**
Byron was van mening dat die gevangenes sou sug.

12 **Abstrakte selfstandige naamwoord**
Die verruklike skoonheid van Venesië.

13 **Ontkennende vorm**
Min mense sê dat hulle graag hierdie brug wil besoek. /
Baie mense sê dat hulle nie graag hierdie brug wil besoek nie.

14 **Direkte rede**
Baie mense sê: ‘‘Ons wil graag hierdie brug besoek.’’

15 **Byvoeglike bysin**
Toeriste word deur ’n toergids, wat ’n hoed op sy kop het / wat ’n hoed dra, deur die paleis begelei.

**Memorandum** **Junie 2023**

**Opsomming:** "Sewe wenke om beter te slaap"

Daar is verskeie wenke wat 'n mens kan volg om beter te slaap. Eerstens is 'n reëlmatige slaappatroon of roetine belangrik. ✔ Skryf ook al jou bekommernisse neer voordat jy gaan slaap ✔ sodat dit jou nie wakker hou nie. ✔ Moenie kort voor jy gaan slaap, eet ✔of drink✔ nie. Gereelde deelname aan sport laat 'n mens beter slaap. ✔ 'n Warm stort ✔of bad ✔bevorder goeie slaap. As jy daglig optimaal benut, sal jy beter slaap. ✔ Meditasie en spierontspanning maak jou asemhaling dieper wat jou beter sal laat slaap. ✔ (10)

**Vraestel 4** **Letterkunde** **Junie 2023**

**1 'n Uittreksel uit 'n roman:** *Die tweede verslag van 'n buitengewone ontmoeting*

1.1 Hulle kon die flitsende lig van die vuurtoring ✔en die wit huisies ✔ nie meer sien nie. (2)

1.2 Die digte mis en die feit dat hulle byna nie voor hulle kon sien nie. (1)

1.3 Hulle was omring met 'n digte mis. (1)

1.4 Dit was onstuimig, aangesien die enjin van die boot oortyd moes werk om die branders te trotseer. (1)

1.5 In paragraaf 4 is sy bang, ✔terwyl sy in paragraaf 5 verlig✔ is. (2)

**2 Uittreksel uit 'n drama:** *Ou Grootoor*

2.1 Hulle is neerhalend. / Hulle spot vir Robert.
**(enige ander aanvaarbare antwoord waar iemand gespot word.)** (1)

2.2.1 In die middel van die straat.
2.2.2 Op die sypaadjie. (2)

2.3 Hy werk vir sy sakgeld. (1)
2.4 "Nuuskierig" (1)

**3** **Gedig:** “<u>Edms. Bpk.”</u>

3.1 Dirk is die wettige eienaar. (1)

3.2.1 Hy het dit omhein / afgekamp.
3.2.2 Hy het sy naam op die hek geverf.
3.2.3 Hy gebruik die formele saketerm “Eiendoms Beperk” om te beklemtoon dat hy dit wettig gekoop het. (Hy het dit laat registreer.)
**(Slegs TWEE)** (2)

3.3 Die *effek* van beweging. (1)

3.4 “en teken op sandkolle waar hy kom” (1)

3.5 “en teken op sandkolle waar hy kom
oral in ouderwetse skrif:”

’n Slang kan nie teken nie. Slegs ’n mens kan teken. (1)

3.6 ‘‘Alles… alles my eiendom.’’ (1)

3.7 Dit is in *Vers en Vlam* opgeneem. (1)

<u>**Naslaanbronne**</u> <u>**Junie 2023**</u>

**Uittreksel uit ’n kortverhaal:** <u>Kasteel van lug en sand</u>
**Platinum Afrikaans Huistaal** *Pearson Marang (Edms) Beperk, 2013*
J. Anker, R. Badenhorst, E. du Toit, R. Gouws,
J. Hugo, C. Janse van Rensburg, G. Julies, M. le Cordeur, M. Nel, E. Stubbe

**Artikel:** <u>Nie álles in Suid-Afrika is negatief nie</u>
**Via Afrika Afrikaans Huistaal** *Via Afrika Publishers*
*Gebind en gedruk: XMD Books (Pty) Ltd, 2013*
M. Brink, O. Channing, A. Jordaan, G. Kleynhans, T. McGeer, P. Voges

**Testament:** <u>Testament van Jacobus Johannes Potgieter</u>
**Via Afrika Afrikaans Huistaal** *Via Afrika Publishers, 2013*
*Gedruk en gebind: XMD Books (Pty) Ltd*
M. Brink, O. Channing, A. Jordaan, G. Kleynhans, T. McGeer, P. Voges

**Koerantberig:** <u>Landbou-ekspo gehou in hartjie van Magaliesberge</u>
Mizanne Hattingh *Maroela Media, 25 April 2023*

**Inligtingteks:** <u>Die Brug van Sugte</u>
**Platinum Afrikaans Huistaal** *Pearson Marang (Edms) Beperk, 2013*
J. Anker, R. Badenhorst, E. du Toit, R. Gouws
J. Hugo, C. Janse van Rensburg, G. Julies, M. le Cordeur, M. Nel, E. Stubbe

**Opsomming:** <u>Sewe wenke om te slaap</u>
**Presteer Afrikaans Huistaal** *Pearson Education South Africa, 2014*
I. Jansen van Nieuwenhuizen, C. Janse van Rensburg, J. Hugo

**Uittreksel uit ’n roman:** <u>Die tweede verslag van ’n buitengewone ontmoeting</u>
**Via Afrika Eerste Addisioneel** *Via Afrika Publishers, 2013*
Toestemming: *Tafelberg, 1981*
J. Anthony, H.E. Gelderblom, T.D. Hoefnagels
J.C. Kitshoff, M.E. Schoeman, C.J. van der Merwe

**Uittreksel uit ’n drama:** <u>Ou Grootoor</u>
**Via Afrika Eerste Addisioneel** *Via Afrika Publishers, 2013*
Verkort uit: *Lees is ’n fees, Van Schaik, 2000*

**Gedig:** <u>Edms. Bpk.</u>
**Vuur en Vlam** *Human & Rousseau, 2015*
J. Ferreira, E. du Toit,
H. Geldenhuys, M. le Cordeur, A. van der Spuy